# BREINDUIWELS UIT DIE OOSTE

★ ★ ★

Simon Rand Reeks (4)

★ ★ ★

Jef van Staden

DAT daar iets gevaarliks skuil agter die skoonheid van Zilda Verhoef, die joernaliste uit die buiteland, het Nina du Toit sommer uit die staanspoor geweet. Maar dit is Simon Rand wat later eers ontdek watter duiwelse magte sy werklik dien.

Simon het oorsee gegaan om 'n goeie saak te bepleit en so byna-byna is hy vasgevang in dieselfde maalkolk wat al van soveel onskuldige mense handlangers van die duiwel gemaak het . . .

En toe is die laaste ronde in Suid-Afrika uitgeveg op 'n plek waar niemand dit sou verwag het nie . . .

Simon Rand in . . .

# BREINDUIWELS UIT DIE OOSTE

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*
**PRONKBOEKE**
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1961

## INHOUD

| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 1. | Die Onweer Broei ... ... ... | 5 |
| 2. | Nooi met 'n Angel ... ... ... | 13 |
| 3. | Ramp in die Nag ... ... ... | 22 |
| 4. | Geen Keuse ... ... ... ... | 32 |
| 5. | Tussen Twee Swaarde ... ... | 41 |
| 6. | As Zilda Moet Weet . . . ... ... | 51 |
| 7. | Mokerhoue ... ... ... ... | 62 |
| 8. | Geheime Nota ... ... ... ... | 71 |
| 9. | „Jy Moet Dood of . . ." ... ... | 80 |
| 10. | Nina Skop Vas ... ... ... ... | 88 |
| 11. | Kaalvuis . . . tot die Einde ... ... | 97 |
| 12. | Vir Oulaas ... ... ... ... | 101 |

Hoofstuk 1

## DIE ONWEER BROEI

„MOYA E TENG! . . . Die wind . . . hy waai vandag . . . Dis die nuwe wind wat waai . . . die nuwe wind."

Die growwe stem, amper hees, bulder deur die klein saaltjie wat teen die helling van 'n sandbult lê. As jy op die stoep van die saal staan, swaai jou oog breed oor die uitgestrekte vlaktes en die lang vlei. En net waar jy kyk, staan die netjiese Bantoe-wonings. Hulle dakke glim in die skerp oggendson. Jy sien die teerstrate wat tussen die huise deurstreep en die werkers wat hier timmer en daar slaan aan nuwe geboue wat begin vorm kry . . .

Hier waar hy tussen die groepie Bantoes staan en praat, rank die gestalte van Judas Dube soos 'n toring tussen die ander uit. Sy welige swart baard wip as hy sy lang kop agteroor gooi om ekstra dryfkrag aan sy woorde te gee.

Die ander Bantoes, 'n stuk of tien, is bedaard geklee in netjiese pakke. Hý pronk met 'n swartbont hemp, 'n groen slenterbroek en rooi skoene met punte soos 'n spies. Sy stem is grof soos 'n rasper wanneer dit aan kiaat kou. In sy klein rooi ogies smeul die verset . . .

„Die ou wêreld van die karos en die kraal is verby," breek hy nou weer in. „Nou wil ons ook sag slaap, min werk en baie geld hê . . . Dis mos ons deel want die nuwe winde wat waai dié sê mos so . . ."

„*Dankie!*"

Simon Rand pleister die enkele woord vol in die gesig van die spreker. Hy sit kruisbeen op die kant van die tafeltjie voor in die saal, sy staal-blou oë kalm op Dube gerig.

Judas sluk die woorde wat beur om oor sy lippe te bars, dan sak hy stadig en brom-brom terug in sy stoel. Die ander Bantoes in die groep wat lomerig begin word terwyl hy gepraat het, sit nou almal regop. Hulle kyk na Dube, dan na Rand en verwag die botsing. 'n Swaar stilte hang in die saaltjie, dan hoes 'n kort Bantoe in die een hoek.

Rand gly van die tafel af en wanneer hy beweeg, lyk dit asof daar geen moeite of inspanning voor nodig is nie. Sy gesig verraai geen sweem van emosie nie. Hy beweeg totdat hy reg voor die groepie staan en dan hervat hy die sonderlinge taak waarmee hy nou reeds etlike maande hier op Kwa Tema besig is.

„Ek wil hê julle moet self uitvind: jy sien, voordat 'n mens nie self uitgevind het nie, is jy soos die skaduwe wat die boom gooi : as jy die boom afkap, is die skaduwee ook kapot.

„Nou ons praat oor help en ook self-help." Die groepie hou Rand aandagtig dop.

„Wat beteken dit as 'n mens help? Wat is dit nou eintlik?"

Daar heers 'n stilte en Simon sien hoe die manne kopkrap. Dan kom 'n ourige een met 'n groot kop en kort nek op die been. Hy lyk onseker en staan eers op die een been, dan op die ander.

„Help is wanneer iemand vir jou sê wat om te doen, is dit nie?"

„Dankie, Tobias."

Rand por nou die ander ook aan en toe spring 'n jonge op. Hy praat sag, sodat die ander moet beur om hom te hoor.

„Help is wanneer die baas jou geld gee om 'n huis te bou en klere en kos te koop." Toe gaan sit hy.

Judas Dube vlieg op. Albei sy hande rus op sy heupe en toe hy begin praat, is daar 'n venynige byt in sy stem.

„Help is wanneer jy vat wat jy wil hê."

Die ander Bantoe verwag nou 'n openlike botsing tussen Rand en Judas maar pleks daarvan erken Simon die bydrae van Judas met 'n ligte glimlag en dan wend hy



hom weer tot die res van die groep. Hy gee almal 'n kans om deel te neem aan die ondersoek en sien dat hulle wurg om duidelikheid te kry. Toe gooi hy 'n tweede gedagte onder hulle in.

„Luister nou mooi," sê hy. „Hier by julle op Kwa Tema en ook op ander plekke praat die mense vandag baie van 'n ander ding, en dit is dit: hulle sê soos 'n mens meer en meer vry word, moet jy ook meer en meer verantwoordelik wees. Hoe verstaan julle dit nou—wat beteken die ding verantwoordelikheid?"

Die hele groep sit nou met 'n probleem, en vir Rand is dit dadelik duidelik dat hierdie een regtig bokant hul vuurmaakplek is.

Daarom gryp hy dadelik in. „Kom ons bekyk dit op 'n eenvoudige manier," sê hy. Hy neem 'n pen uit sy sak en vra hulle om hom nou sorgvuldig dop te hou. Dan laat hy die pen stadig uit sy hand glip en dit val op die vloer. Almal se oë is op hom gevestig. Net Dube kyk voor hom op die vloer.

„Wie het die pen laat val?" vra Rand.

Daar is 'n uitgerekte stilte. Dan antwoord Tobias :

„Hy het vanself geval, Meneer."

„Dit is soos dit is, ja, ja," stem verskeie ander saam.

„Dis sommer pure kaf hierdie," werp Judas bitsig tussenbei. Toe staan hy op, vleg tussen die rye stoele deur en verlaat die saal. Rand wag totdat Judas uit is en die deur agter hom toeklap. Toe kyk hy weer na die groep.

„Dankie, dis al vir vandag. Onthou, môre weer dieselfde tyd."

Een vir een stap die ander lede van die groep uit en soos hulle verby kom, groet hulle Simon beleefd. Hy besluit om 'n rukkie alleen te vertoef.

Hy gaan sit weer op die tafeltjie en swaai een been langsaam heen en weer.

Hy wonder waar Lukas vandag was. Lukas Tsombe is die enigste een wat nie vandag opgedaag het nie—en hy het Lukas regtig gemis. Lukas, wat die beste gevorder het

vandat hy met hierdie projek op Kwa Tema besig is. Hy is die enigste wat eintlik vorder, dink Rand.

Miskien het hy en Nina du Toit hul koppe in 'n bynes gesteek toe hulle die aanbod aanvaar het om hier op Kwa Tema te begin met hierdie, jy kan maar sê, droogskoonmaak-projek van Bantoe-voormanne se begrip van plaaslike bestuur, self-help en ontwikkeling.

Maar aan sy eie sekerheid dat so 'n opklaring wel gedoen kan word, twyfel Rand nie vir een oomblik vandat hy ses maande gelede in daardie taai botsing betrokke was met die Internasionale Breintrust nie. Dit was toe, toe hulle hom onder dwang van die dood probeer forseer het en sy gedagtes deur middel van hipnose en „breinwas"-tegnieke wou „kook" sodat hy 'n magtelose prooi in hul hande moes word.

In daardie benoude dae het hy hul wêreld-wye sameswering om die mensdom te verslaaf deur middel van die nuwerwetse metodes van inplantings in jou onderbewussyn, aan die kaak gestel en terselfdertyd ook ontdek hoedat gewone mense teen sulke duiwelstreke bestand gemaak kan word en, wat miskien die belangrikste was, hoe om alle mense, met inbegrip van die Bantoe, te help om baie helderder te dink en, soos hy dit ook beskryf het, „in die teenwoordige te lewe, los van die invloede van die verlede wat in jou onderbewussyn skuil maar jou tog soos 'n rysmier kan opdons."

Nadat die Breintrustbende die kop ingeslaan is en Rand sy ontdekkings bekend gemaak het, het hy en Nina die een na die ander aanbod ontvang—ook om onderontwikkelde volke elders in Afrika oor hierdie metodes van hom op 'n eenvoudige en praktiese manier in te lig.

Maar hulle het besluit om op Kwa Tema te begin.

Hul taak op Kwa Tema was eenvoudig, altans so het dit vir hom en Nina aan die begin gelyk. Hulle moes 'n groep Bantoes, sorgvuldig uitgesoek volgens graad van intelligensie, onder hande neem en—so is daar beklemtoon—vir hulleself laat ontdek wat self-help beteken en dat alleen wanneer jy kan losstaan van vreemde invloede



en vir jou self kan besluit, jy werklik iets tot stand kan bring. Veral as jy, soos die Bantoe, uit 'n primitiewe kultuur kom en skielik voor die verbysterend snelle verandering van die atoomeeu te staan kom.

In sy krisis-uur in die kloue van die breinduiwels, het Rand vir homself, noodgedwonge, uitgevind hoedat 'n mens kan weerstand bied teen alle ondermyning en dit het uiteindelik so eenvoudig geblyk dat hy gemeen het dat ander mense ook redelik maklik kan verstaan hoe die inkruip-metodes van die senuwee-oorlog werk.

Maar tot dusver trek hy opdraand hier op Kwa Tema. Hy vind dat die toordokter hier agter die skerms nog sy septer kragtig swaai maar daar is ook ander ondergrawers wat reeds lang skaduwees hier gooi . . .

Een van die Bantoes wat geesdriftig by sy groep aangesluit het, het eers fluks gevorder in die groep, maar verlede week een dag wag hy tot die ander reeds huis toe is en toe sluip hy terug en sê vir Rand : „Ek kom nie meer nie," en sy oë rek groot. „Die groot *inyanga* het gesê ek moet wegbly hier, hy sê jy plant die onkruid hier in die hart."

Hy wou nie eens luister toe Rand hom wou gerusstel nie, maar het laat spat so vinnig hy kon, want hy is nou skrikkerig om selfs in Simon se teenwoordigheid gesien te word.

En Nina, aan wie 'n groep Bantoevroue toevertrou is om hulle vir hulself te laat ontdek hoe veelvuldig die vereistes van die lewe in 'n stedelike omgewing is, kou ook harde bene.

„Hulle is baie bygelowig en jy kan nie hul aandag langer as 'n paar sekondes op een punt hou nie," was haar eerste kommentaar.

Simon het effens geglimlag. Toe sê hy vir Nina : „Ek weet; maar onthou, dit is 'n kwaal wat jy ook dikwels in ander kringe aantref."

Maar tenspyte van die opdraande wat hulle op Kwa Tema kry, hou Rand en Nina vol met die vaste wete dat hulle vroeër of later sal deurbreek.

En so 'n oomblik breek wel eendag in Rand se groep aan. Dit is 'n juweel wat vergoed vir al die gesukkel met die ander. Hy is net besig—al is dit bokant hul begrip—om hulle te probeer laat verstaan hoe 'n argitek byvoorbeeld te werk gaan as hy besluit om 'n heeltemal nuwe gebou te ontwerp.

„Jy maak hom eers hier binne," en Rand klop met twee vingers aan sy voorhoof. „Jy sien hom daar, die hele ding: die mure, die dak, die vensters, die kleure, selfs die blomme en bome wat hy in die tuin wil plant."

Die Bantoes sit verdwaasd en luister, en Rand wil net afstap en na 'n meer alledaagse terrein kom, toe hy skielik die lig in Lukas se oë sien flits.

Lukas is 'n beskeie Bantoe maar van die begin af is Simon getref deur die kalmte wat daar van hom uitgaan.

„Hoe maak jy daardie huis hier?" en hy wys toe self ook na sy kop.

„Jy besluit net hy moet daar wees—en dan is hy daar," antwoord Rand en hy voel opgewonde.

„Ek sien," kom dit van Lukas en toe merk Rand die tevredenheid in sy gesig asof hy bevestiging gekry het vir 'n gedagte wat lankal in hom sluimer.

Rand dink nou weer aan Judas en onthou hoe hy uit die staanspoor dwarsgetrek het. Agter Judas Dube loop 'n skaduwee wat vir hom voorsê, daarvan is Rand lank reeds oortuig—en dit is nie die toordokter nie.

Simon Rand staan uit sy stoel op. Hy is nou heeltemal alleen in die saaltjie wat hier skuins teen die bult lê. Hy hou nie van die gedagte wat nou hier by hom opkom nie—maar tog is dit daar as hy sy oog swaai oor die glimmende dakke van Kwa Tema se dorpsgebied. Sou Judas 'n voorloper wees van 'n nuwe breinduiwel-komplot en is hy nie miskien reeds snags in talle van daardie huise besig om die gif te strooi nie?

Die voetstappe wat hy nou hoor aankom, onderbreek sy gedagtes. Hy kan nie dink wie nou hierheen kan kom nie, want op die oomblik word die saal net vir sy groep gebruik.



Hy swaai deur se kant toe maar voordat hy self daar kom, word die groen houtdeurtjie reeds oopgestoot.

Dan staan Lukas voor Rand. Hy het 'n vuilerige oorpak aan maar die oliekolle daarop dui aan dat hy onlangs baie bedrywig moes gewees het.

„Môre, Meneer," groet hy beleefd. „Ek wil net kom ekskuus sê dat ek nie vandag in die klas was nie."

„Môre, Lukas. Ja, ek het gewonder wat van jou geword het maar ek kon nie dink dat jy sommer so sal wegloop nie."

„Nee, nee," kom die antwoord vinnig, „ek was juis net baie besig," en hy wys na die plankkis wat hy nog steeds onder sy arm vashou asof hy dit glad nie onder sy oë uit wil laat gaan nie.

„En wat het jy daar?"

„Ek het gehoop Meneer sal belangstel." Toe laat hy die kis sak en verwyder die bruin papier waarmee die oop kant bedek is.

Rand merk hoe versigtig hy die voorwerp uit die kis lig en toe plaas hy dit met die grootste toegewydheid op die vloer.

„Daar is hy," sê Lukas en sy oë is die ene trots.

„Waar jy kry dit?" vra Rand.

„Self gemaak, self gemaak, net ek alleen!"

Rand kan skaars sy oë glo maar tog staan daar 'n netjies afgewerkte model van 'n stoomenjin. Dit is duidelik dat die hele enjin met die hand gemaak is. Daar is 'n klein stoomketeltjie, wat volgens die roetstrepe aan sy wande al 'n hele paar uur moes gewerk het, die vliegwiel is fyn afgewerk en die rooikoper-beslag om die regulateur is blink gevryf.

„Hy werk, Meneer; ek het hom baie goed getoets."

„Lukas, waar het jy geleer om sulke goed te maak?"

„Ek het myself geleer. Ek het hom eers hierbo gemaak," en toe wys hy met 'n kort voorvinger na sy voorkop. „Net soos Meneer gesê het daardie dag."

„Lukas, jy het nie meer nodig om na my klas te kom nie."